# TUGREGLEMENT

## 1. ONTVANGS VAN 'N KLAGSKRIF

1.1 'n Klagskrif word by die voorsitter of skriba van die bevoegde vergadering ingedien.

1.2 Die voorsitter en skriba van die betrokke vergadering of hulle 'n plaasvervangers, indien hulle self die klaer(s) of aangeklaagde(s) is, bepaal of klagskrif voldoen aan die vereistes soos bepaal in die Kerkorde.

1.3 Die skriba stuur 'n klagskrif wat nie aan die vereistes voldoen nie, per aangetekende pos of per hand teen handtekening aan die klaer(s) terug en vermeld die redes waarom dit nie in orde is nie.

1.4 'n Gewysigde klagskrif word binne 21 dae nadat die klaer die foutiewe aanklag terug ontvang het, by die voorsitter of skriba van die betrokke vergadering ingedien.

1.5 Die voorsitter en skriba kan die klaer(s) vra om die klag skriftelik te motiveer.

1.6 Wanneer 'n klagskrif aan die vereistes voldoen roep die voorsitter en skriba binne drie dae na ontvangs van die klagskrif, die klaer(s) en die aangeklaagde(s) per aangetekende pos of per hand teen hantekening, op.

1.7 Die oproep aan die aangeklaagde(s) word vergesel van 'n gewaarmerkte afskrif van die klagskrif.

1.8 Die klaer(s) en aangeklaagde(s) is self verantwoordelik om hulle getuies op te roep vir die ondersoek van die klag.

1.9 In die oproep aan almal word vermeld dat

(i) 'n klag ingedien is en waar en wanneer die vergadering sal plaasvind om die klag te ondersoek

(ii) dit die plig is van lidmate en ampsdraers wat na aanleiding van 'n klag opgeroep word, om voor die vergadering te verskyn

(iii) 'n lidmaat of ampsdraer wat opgeroep is maar sonder 'n geldige rede afwesig is of weier om te verskyn en getuienis te lewer of nie behoorlik getuienis lewer nie, tugwaardig is

(iv) die vergadering so 'n lidmaat of ampsdraer dadelik onder tug kan plaas en in geval van 'n ampsdraer tydelik van ampspligte kan onthef

(v) die klaer(s) en die aangeklaagde(s) hom/haar/hulle in die vergadering kan laat bystaan deur 'n lidmaat van die Kerk in welke geval op die laatste tien

dae voor die ondersoek aan die ondersoekvergadering só kennis gegee is.

1.10 Die voorsitter en skriba sorg dat die vergadering binne agt-en-twintig dae nadat die klaer(s) en aangeklaagde(s) opgeroep is, plaasvind.

1.11 Indien die aangeklaagde(s), klaer(s) of ondersoekvergadering meer tyd benodig vir voorbereiding, moet dit op die laatste 10 dae voor die vasgestelde ondersoekdatum skriftelik versoek word. Die voorsitter en skriba kan die ondersoekvergadering uitstel tot hoogstens ses-en-vyftig dae nadat die aangeklaagde(s) opgeroep is. Alle partye word van die reëling in kennis gestel.

## 2. KWORUM VIR DIE ONDERSOEK EN TUGVERGADERING

2.1 'n Kworum vir die ouderlingevergadering is twee derdes van die diensdoende ouderlinge.

2.2 'n Kworum vir die ringskommissie word gevorm deur die voorsitter, skriba en twee ouderlinge.

2.3 'n Kworum vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word gevorm deur twee derde van die lede en die adviserende lede.

## 3. PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK NA 'N KLAG

3.1 Die voorsitter open die ondersoekvergadering met Skriflesing en gebed.

3.2 Die voorsitter

(i) sorg dat die volgende persone nie lede is van die ondersoek- en tug-vergadering nie

(a) die eggenoot of eggenote, vader of moeder, grootvader of grootmoeder, skoonvader of skoonmoeder, broer of suster, seun of dogter, skoonseun of skoondogter, swaer of skoonsuster, oom of tante, neef of niggie van óf die klaer(s) óf die aangeklaagde(s)

(b) 'n lid wat finansiële belang het by die saak wat met die klag in verband staan

(c) persone wat nie lidmate van die Kerk is nie of verteenwoordigers van die media

(ii) kan met toestemming van die ondersoek- en tugvergadering reël dat die getuienis van persone wat nie lidmate van die Kerk is nie, tydens die ondersoek aangehoor word

(iii) stel vas of die oproep tot die ondersoek volgens die Kerkorde geskied het en dat 'n kworum teenwoordig is

(iv) verklaar dat die vergadering wettig saamgestel is.

3.3 Die voorsitter wys almal wat aan die ondersoek deelneem of getuienis aflê daarop dat

(i) die vergadering die reg voorbehou om op enige tydstip gedurende die ondersoek sy werksaamhede agter geslote deure voort te sit en enigiemand te vra om die vergadering te verlaat

(ii) alle getuienis so volledig moontlik, verkieslik woordeliks, aangeteken sal word

(iii) die klaer(s) en aangeklaagde(s) die reg het om te enige tyd 'n afskrif van die notule op eie koste aan te vra

(iv) die vergadering self te enige tyd die notule ter insae beskikbaar kan stel aan die klaer(s), aangeklaagde(s) en hulle verteenwoordiger(s)

(v) indien die klaer(s) of aangeklaagde(s) te enige tyd 'n beswaar sou hê teen die prosedure wat gevolg word of beslissings wat gemaak word, die vergadering die ondersoek sal opskort en die beswaar agter geslote deure sal oorweeg na voorleggings deur die klaer(s) en die aangeklaagde(s)

(vi) hulle die waarheid moet praat en geen getuienis of inligting mag weerhou wat die vergadering kan help in sy taak om 'n regverdige beslissing te maak nie

(vii) die bevinding van die vergadering bekend gemaak sal word.

3.4 Die voorsitter lees hierna die klagskrif volledig voor in die teenwoordigheid van die klaer(s), die aangeklaagde(s) en getuies en maak bekend dat die klagskrif aan die vereistes voldoen.

3.5 Die getuies verlaat die vergadering totdat hulle geroep word om te getuig.

3.6 Die voorsitter wys daarop dat die aangeklaagde(s) te enige tyd in die loop van die ondersoek skuld op sommige of al die aanklagtes in die klagskrif kan bely.

3.7 In die geval van so 'n belydenis, volg die vergadering die volgende prosedure:

(i) Die vergadering besluit agter geslote deure of hy die belydenis aanvaar en die ondersoek staak, en of hy die belydenis van die hand wys en met die ondersoek voortgaan.

(ii) Die voorsitter maak die beslissing van die vergadering aan die klaer(s), aangeklaagde(s) en verteenwoordiger(s) bekend.

(iii) Indien die belydenis aanvaar en die ondersoek gestaak word, besluit die vergadering agter geslote deure oor die tugstappe wat geneem moet word.

3.8 Nadat die getuies die vergadering verlaat het, versoek die voorsitter die klaer om die aanklag met bewyse en mondelinge getuienis te staaf.

3.9 Om onduidelikhede oor die inhoud van die klag, die stawing daarvan en die getuienis op te klaar, kry die aangeklaagde(s) en die lede van die vergadering die geleentheid om volgens die diskresie van die voorsitter die aanklaer(s) en getuie(s) van die aanklaer(s) te kruisvra.

3.10 Die voorsitter sorg dat alle vrae op die saak betrekking het.

3.11 Die aangeklaagde(s) kry geleentheid om met getuienis en bewyse te antwoord op die klag.

3.12 Om onduidelikhede oor die verweer en die getuienis uit die weg te ruim kry die klaer(s) en die lede van die vergadering die geleentheid om volgens die diskresie van die voorsitter die aangeklaagde(s) en die getuie(s) van die aangeklaagde(s) te kruisvra.

3.13 Nadat die getuienis afgehandel is, kry die aanklaer(s) die geleentheid om die vergadering toe te spreek. Die aangeklaagde(s) kry die geleentheid om daarop te antwoord, waarna die aanklaer(s) geleentheid kry vir repliek.

3.14 Die vergadering kom agter geslote deure byeen, oorweeg die saak en kom met meerderheid van stem tot 'n bevinding. Indien daar 'n staking van stemme is, word aanvaar dat die klag nie genoegsaam gestaaf is nie.

3.15 Die skriba sorg dat die volgende geformuleer en nagekom word:

(i) Die bevinding van die vergadering en die feite waarop dit berus.

(ii) Die oortreding(s) waaraan die aangeklaagde(s) skuldig is word by name genoem en die stawende feite word vermeld.

(iii) Die teenwoordige lede onderteken die bevindinge as deel van die notule.

3.16 Die bevinding word aan die aangeklaagde(s) meegedeel. Daar word aan die aangeklaagde(s) geleentheid gegee om enige mededelings aan die vergadering te doen voordat oor tugstappe besluit word.

3.17 In gevalle waar 'n vergadering nie dadelik tot 'n bevinding kom nie, word die bevinding binne veertien dae gefinaliseer.

3.18 Binne 7 dae nadat tot 'n bevinding gekom is, stel die skriba die klaer(s) en die aangeklaagde(s) per aangetekende pos of per hand teen handtekening, daarvan in kennis.

3.19 Tugstappe, indien enige, word aan die aangeklaagde(s) meegedeel.

3.20 'n Vergadering deel die motivering vir die bevinding aan die klaer(s) en aangeklaagde(s) mee.

3.21 'n Vergadering oorweeg of dit nodig is om sy bevinding met of sonder motivering

aan gemeentes en ander vergaderings mee te deel.

3.22 Indien bevind word dat 'n klag kwaadwillig gelê is of dat kwaadwillige getuienis gelewer is, tree die vergadering onder meer op grond van die negende gebod op teen die klaer(s) en/of getuie(s).

## 4. BEROEP OP 'N BYKOMENDE VERGADERING

4.1 Klaer(s) of aangeklaagde(s) het die reg om teen die bevinding van 'n vergadering 'n beroep op 'n bykomende vergadering te doen.

4.2 'n Betrokkene(s) wat op 'n bykomende vergadering 'n beroep doen, rig binne drie weke nadat 'n tugbevinding bekend gemaak is 'n skriftelike versoek aan die voorsitter of skriba van die bykomende vergadering waarin uitdruklik gemeld word

(i) dat 'n beroep op die bykomende vergadering gedoen word

(ii) of 'n gewone of buitengewone vergadering die saak moet aanhoor

(iii) wat die redes vir die beroep is.

4.3 Die voorsitter en skriba van die bykomende vergadering bepaal of 'n dokument waarin 'n betrokkene(s) 'n beroep doen aan die vereistes van die Kerkorde voldoen.

4.4 'n Dokument wat nie aan die vereistes voldoen nie, word per geregistreerde pos teruggestuur of per hand teen handtekening terugbesorg met aanduiding van wat verkeerd is.

4.5 Indien die dokument in orde is, word die saak op die agenda van die betrokke vergadering geplaas en binne drie maande hanteer.

4.6 Die skriba sien toe dat alle dokumente wat op die saak betrekking het ter tafel is.

4.7 Die beslissing van 'n vergadering bly van krag totdat 'n bykomende vergadering dit ter syde stel.

4.8 Enige buitengewone vergadering word slegs belê nadat die betrokkene vooraf 'n skriftelike verbintenis aangegaan het om die helfte van die koste wat die beroep meebring te betaal, indien die beroep nie slaag nie.

## 5. KONSTITUERING VAN BYKOMENDE VERGADERING VIR DIE BEHANDELING VAN 'N BEROEP OP DIE VERGADERING

5.1 In die geval waar 'n gewone of buitengewone vergadering van die kommissie van 'n ringsvergadering of van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n beroep aanhoor konstitueer beide op die gewone wyse en handel die beroep op die voorgeskrewe wyse af.

5.2 In die geval van 'n gewone of buitengewone vergadering van 'n ringsvergadering of van die Algemene Kerkvergadering konstitueer beide op die voorgeskrewe wyse en kies daarna op 'n tyd deur die voorsitter gereël 'n voorsitter en skriba wat

vir die duur van die behandeling van die beroep optree.

5.3 'n Vergadering teen wie se bevinding 'n beroep gedoen word se lede is vir die tydsduur van die behandeling van die beroep nie lede van die bykomende vergadering nie.

5.4 Wanneer 'n beroep op 'n buitengewone bykomende vergadering gedoen word, word die vergadering binne drie maande op gebruiklike wyse opgeroep.

5.5 'n Bykomende vergadering(s) kan deur 'n adviseur(s) wat 'n lidmaat(e) van die Kerk is, bygestaan word.

5.6 In alle gevalle word die vergaderings op die gewone wyse deur die dienende voorsitter geopen.

## 6. BEHANDELING VAN 'N BEROEP OP 'N BYKOMENDE VERGADERING

6.1 Die voorsitter lê die beroep wat ingedien is voor en stel vas dat al die lede van die vergadering wat die beroep aanhoor al die stukke wat ter sake is, ontvang het.

6.2 Die voorsitter wys die appellant(e) en die verdediger(s) daarop dat

(i) elkeen verplig is om die waarheid te praat en geen feite of getuienis mag weerhou nie

(ii) dit elkeen wat by die ondersoek betrokke is, se plig is om die vergadering wat die beroep aanhoor, te help in sy taak om 'n regverdige beslissing te maak

(iii) die beroep gerig is téén die prosedure en/of bevinding van die voorafgaande vergadering en om daaroor tot 'n bevinding te kom.

(iv) geen nuwe getuienis as bewysvoering vir 'n standpunt na vore gebring mag word nie, maar dat slegs die notule van die ondersoek wat in geding is, gebruik mag word om die bevinding van die voorafgaande vergadering te betwis of te staaf.

6.3 Die voorsitter gee nou die appellant(e) geleentheid om die beroep met verwysing na die betrokke stukke te staaf.

6.4 Daarna gee die voorsitter aan die verdediger(s) die geleentheid om aan die appellant(e) vrae te stel om onduidelikhede oor die inhoud van die beroep en die gronde wat daarvoor aangevoer word, uit die weg te ruim.

6.5 Die lede van die vergadering kry ook die geleentheid om vrae te stel om onduidelikhede oor die beroep en die stawing daarvan, uit die weg te ruim.

6.6 Die verdediger(s) kry nou die geleentheid om met verwysing na die betrokke stukke, die gronde vir die beroep te weerlê.

6.7 Die appellant(e) kry daarna die geleentheid om aan die verdediger(s) vrae te stel om moontlike onduidelikhede oor die saak en die gronde daarvoor uit die weg te ruim.

6.8 Die lede van die vergadering kry ook die geleentheid om aan die verdediger(s) vrae te stel om onduidelikhede uit die weg te ruim.

6.9 Die voorsitter sorg dat alle vrae waarna in 6.4, 6.5, 6.7 en 6.8 verwys word op die saak betrekking het.

6.10 Nadat albei partye hulle saak gestel het en die stel van vrae afgehandel is, bied die voorsitter aan beide partye die geleentheid vir repliek, waarna die ondersoek afgesluit word.

6.11 Die vergadering kom nou agter geslote deure byeen, oorweeg die saak en neem 'n besluit met meerderheid van stemme, of die beroep gehandhaaf of van die hand

gewys word.

6.12 Indien daar 'n staking van stemme is word die beroep gehandhaaf.

6.13 Die skriba sorg dat die bevinding van die vergadering en die feite waarop dit berus, soos deur die vergadering met 'n gewone meerderheid van stemme vasgestel, noukeurig genotuleer en deur die voorsitter en skriba geteken word.

6.14 Die skriba stel die appellant(e) en die verdediger(s) binne sewe dae na die vergadering per aangetekende pos in kennis van die vergadering se volledige bevinding saam met die stawende feite.

--- oOo ---